

KLIPKERK LICHTENBURG

Koninkryks Bediening Nuusbrief

September - Oktober 2026





WAAROM MAKHUA BYBELLEKTUUR? WAAROM BOEKE EN NIE NET ANDERS NIE?

Lees asseblief aandagtig – dit verduidelik waarom hierdie werk nou so belangrik is.



**Voordat enigiets anders: ek wil hê jy moet verstaan
waarom Makhua Bybelleksuur nou so noodsaaklik is.
As jy die behoefte verstaan, sal jy die werk verstaan.**

Ná meer as twee dekades se Bybelvertaling is die volgende duidelik:
pastore en kerke het eenvoudige, betroubare hulp nodig om die
Bybel te verstaan, te gebruik en goed te onderrig.



- 1.**  **MEER AS 2 MILJARD MENSE BLY ONBEREIK**

'n Groot deel van die wêreld het steeds min of geen toegang tot betroubare Bybelonderrig nie.
- 2.**  **DIE GROOTSTE DEEL VAN DIE WÊRELD SE BEVOLKING VERKIES MONDELINGE KOMMUNIKASIE**

Baie mense leer die beste deur te luister, herhaal, sing en deur waarheid hardop te hoor.

80% mondelinge kommunikasie word verkies
- 3.**  **TOT 95% VAN PASTORE WÊRELWYD HET GEEN FORMALE OPLEIDING NIE**

By verre die meeste mense wat preek, het geen opleiding nie en geen benul van hoe om die Bybel te lees of te preek nie.

95%
- 4.**  **IN AFRIKA IS DIE BEHOEFTE DIKWELS NOG GROTER**

Ná 34 jaar se bediening in Mosambiek kan ons met sekerheid sê dat hierdie statistiek pryslik waar is.
- 5.**  **PLAASLIKE KERKE HET DRINGEND EENVOUDIGE, BETROUBARE, TOEGANKLIKE CHRISTELIKE LEKTUUR EN HULPBRONNE NODIG**

Kerke het lektuur en Hulpbronne nodig wat duidelik, prakties, bruikbaar en gewortel in die Skrif is.
- 6.**  **DIE BEHOEFTE AAN AUDIO HET GROOT MERITE, MAAR INHEEMSE LEKTUUR KOM ONVERMYDELIK EERSTE**

Oudiomateriaal begin nie by die mikrofoon nie. Dit begin by lektuur wat eers sorgvuldig geskryf, vertaal en voorberei is.
- 7.**  **INHEEMSE LITERATUUR BIED EN GELETTERDE PASTORE EN GELOWIGES EFFEKTIEF.**

Inheemse literatuur rus diegene toe wat kan lees en dié wat nog nie geis vir hulle bedienings.
- 8.**  **DIE GESKREWE INHEEMSE MATERIAAL WORD DIE KRITIESE BASIS VIR AUDIO-OPNAMES**

Wat eers in hang prose gesaen het om 'n boek te word, kan dan opgeneem en deur audioplatforms na kerke, dorpe, huise en onbereikte plekke gestuur word



Ons produseer nie net Makhua boeke nie.

Ons skep Makhua Christelike lektuur wat harte kan bereik deur bladsye en audio.


Bid asseblief saam met ons dat die Here hierdie-werk sal gebruik om Sy Kerk in Mosambiek te versterk Makhua-mense te red.



Makhua Shirima Bybelbediening ~ Dr Gerard en Vanessa Olivier

Uit 'n bevolking van byna 36 miljoen word geraam dat 10% van bevolking nog onbereik met die Evangelie is. Veral in die noorde, in dele van die Makhua Shirima sprekende area, is daar gebiede waar geen kerke of gelowiges is nie.

- ***Bid vir die Makhua Bybelbediening (Dr Gerard Olivier) se enorme taak deur Bybelopleiding en Bybelverspreiding om hierdie mense te bereik.***
- Bid dat die ***gelowiges in Muapula*** sal aanhou om sterk in hulle geloof te groei.
- ***Bid asb dringend vir die nodige befondsing vir die volgende projekte:***
- ***Vyftien boeke*** (Portugese én Makhua-titels saamgetel) se setwerk en druk.
- ***Talle Envoy 2-oudiospelers*** sal binnekort elk gelaai wees met die volledige **Makhua Shirima-Bybel** en gereed wees om na Niassa-provinsie gestuur te word.
- ***Toerustingsmateriaal*** vir noodsaaklike opleidingstydperk om Makhua Christen leiers toe te rus vir volhoubare audio- en literatuurbediening.



Ds Willem Badenhorst - Nuusbrieff



- Strategiese beplanning
- Gebedsmobilisering
- Evangelisasie
- Dissipelskap
- Missionale bediening
- Ontdek die Heilige Gees
- Geestelike mentorskap

willem@mdnet.co.za
082 893 7156

Ds Willem Badenhorst

Beste ondersteuner

Die afgelope drie maande het die bediening geëskaleer, en ek sien God se hand duidelik daarin.

Ek kon vele male en op talle plekke die Woord van die Here bedien. Gemeentes is besoek, konsultasies is gedoen, leiers is begelei en vele beradings- en mentorgesprekke is gevoer. Terwyl ek duisende kilometers veilig afgelê het, is talle mense se lewens deur die Woord geraak en het baie hul lewens aan die Here toevertrou of nader aan God beweeg.

'n Hoogtepunt was om 22 mense in Turkye as toerleier te begelei om die sewe gemeentes van Openbaring te besoek. Die Woord het 'n blywende indruk op ons lewens gelaat.

Soli Deo Gloria

Willem



Bediening by
Filadelfia!
Open.3:2-13

Ontvang
Ds Willem Badenhorst
se Kwartaalike Nuusbrieff:
WhatsApp: 082 893 7156

Ek en Marisa eer die Here
vir 'n wonderlike nuwe seisoen
van 'n eerste kleinkind
in ons lewe.



Kom luister na 'n Woord

WAT JOU LEWE KAN VERANDER.

SPREKER:
Ds. Willem Badenhorst

'n Boodschap wat hoop gee, lewe verander en geloof versterk.

 TYD: 10h00	 DATUM: 23 Aug. 2026	 PLEK: Breakthru Restoration Community Church
---	---	--

Almal welkom!
BRING 'N VRIEND OF FAMILIELID SAAM.

BREAKTHRU RESTORATION COMMUNITY CHURCH

VIR NAVRAE KONTAK:
Past. Chris 071 563 1768
Eben Smith 068 743 4309



My hart loop oor van dankbaarheid teenoor ons Vader wat die afgelope drie maande die bediening ryklik geseën het. Meer as 600 mense het op een of ander manier 'n ontmoeting met Jesus gehad. Die kwartaalike nuusbrieff getuig van God se goedheid en trou. Dankie dat jy deel is van my geloofsreis.

Ds `Dries Volschenk




Ons streeks konferensie van die CEF SAIO streek het in Augustus 2026 plaasgevind.

Engels is na Portugees getolk en vice versa. Op foto is ons internasionale direkteur Jeremia Cho, met ons streeks-direkteur Jossefs Ngomane wat tolk.



Bid asb saam met ons vir die kinders van ons streek en CEF se werk in hierdie lande.

Laat die kindertjies na Hom toe kom, en verhinder hulle nie!!!



Bid asseblief steeds vir Ds `Dries en die familie

“Vyf maande... en steeds voel dit onwerklik dat sy nie meer hier is nie.

Mense sê die tyd maak die seer minder, maar miskien leer 'n mens net om saam met die seer te leef. Want wanneer iemand so diep geliefd was, laat haar afwesigheid 'n leemte wat niemand en niks ooit heeltemal kan vul nie.”

- Rochelle Moolman

Waarheen volgende, Here?

Waar gaan die Here die volgende deur oopmaak? Die werk moet uitbrei. Daar is te veel plekke vir ons klein span. Waar wil die Here dat ons volgende konsentreer? Wat is Sy plan?

Midde-Ooste - Aretha

Jordanië beplan die herdenking van Jesus se doop

Die opvoering van Händel se Messias, op 12 September 2026 op die historiese Bybelse terrein in Jordanië, lei die beplande 2,000 jaar herdenking in 2030 van Jesus se doop in. Betanië-Anderkant-die-Jordaan, die tradisionele plek van Jesus se doop, is 'n UNESCO-erkende terrein.

“Die konsert was groots; dit was majestueus; dit was verstommend,” het Rami, SAT-7 Direkteur van Arabiese kanale, gesê. “Die aand self was pragtig, nie net vanuit ’n musikale oogpunt nie, maar ook vanuit ’n geestelike oogpunt – om Jesus as ‘Koning van Konings’ en ‘Here van Here’ in daardie historiese plek te verklaar.”

Tydens 'n toespraak by die VN se Vergadering op 22 September 2026 het Koning Abdullah II gesê Jordanië "streef daarna om 'n ander model te bou" as sommige van sy buurlande: "Ons beskerm die Christendom – sy gemeenskappe en erfenis – in sy historiese geboorteland."

BRON: sat7.org/concert-at-biblical-site-launches-2000... (verkort)

Loof die Here vir die positiewe gesindheid van Jordanië se koning jeens die Christelike geloof.

Bid dat die herdenking van Jesus se doop daartoe lei dat baie mense Jesus as Here en Verlosser erken en aanneem.



Gebedsbediening: Turkye

Wees deel van 'n Virtuele Gebedsbediening met weeklikse WhatsApp gebedsversoeke vir Turkye en die wyer Midde-Ooste.

Kontak Aretha vir meer inligting. 071 375 1578

Volg die bediening in Turkye en die Midde-Ooste:

Facebook: Turkish Partnership of South Africa
<https://www.facebook.com/profile.php?id=100093920314200>

Menasa (midde-ooste en Noord-Afrika)
<https://www.facebook.com/profile.php?id=100089693090656>

Instagram: turkishpartnerships
<https://www.instagram.com/turkishpartnerships/?hl=en>

Webwerwe: [Turkye](https://www.tpsaministry.org/) en [Midde-Ooste](https://menasa.co.za/)
<https://www.tpsaministry.org/>
<https://menasa.co.za/>



Coen en Suria Scholtz



Love Africa

Augustus was 'n opwindende tyd vir EMI SA en Zambië! 'n Ethnos span van 12 persone het vanaf George na Operasie Mobilisasie se *Love Africa* konferensie in Kabwe, Zambië gegaan.

Ons span het die geleentheid gehad om nie slegs te leer en lering te gee by die konferensie nie, maar ook om drie verskillende Ethnos bedieninge in Zambië te besoek.

Ons Zambiese sendelinge was bemoedig, en so ook ons besoekende span. Dit was werklik verstommend om te sien wat God besig is om te doen in Zambië!

Vir meer inligting, volg ons::

Webwerf: ethnosmi.org

Facebook: www.facebook.com/ethnosmi



Uitreike - naby of ver

Soms beteken uitreik om aktief in jou eie gemeenskap betrokke te wees — om uit te reik na die mense om jou en die liefde van Christus in jou gewone daaglikse lewe met ander te deel.

En soms beteken dit ook om jou land te verlaat, na 'n ander plek te reis, en tyd deur te bring met mense wat baie anders as jy is — om die Woord te deel, saam met ander te bid, en hulle te bemoedig in hul navolging van Christus.



Ethnos Movement International

Coen en Suria Scholtz

Our Core Values

At Ethnos Movement International, we exist to glorify God by making Jesus known among the nations. Our core values flow from our love for Christ, our commitment to His Word, and our calling to reach the unreached and make disciples.


These values are more than words. They reflect our desire to live faithfully, serve humbly, and pursue God's mission with integrity and excellence.

We pray that, by His grace, we would live out these values each day for His glory



Our Strategy at EMI

“Only a strong bow can shoot an arrow with power and accuracy.”



Our strategy has two parts:

The Bow — Training

Equipping the church and individuals for missions.

The Arrow — Pioneer Work

Planting churches, making disciples, and taking the Gospel to places with little access.

Together, we aim to initiate sustainable, multiplying discipleship movements.

Want to be part of it?

Ethnos Missions Training - a Community

Ethnos Missions Training is more than a course—it's a community. EMT is a life-changing 10-week discipleship journey designed to equip and mobilize you for global ministry. As you walk alongside passionate leaders and fellow students, you'll build meaningful friendships, serve together on outreaches, share life, and experience God's healing, guidance, and faithfulness in powerful ways.

Lukas en Rebekka Lebalelo

“Jerusalem” Bediening

Boikhutso, Blydeville - tentdienste, huisbesoeke, skole, bus- en taxi terminus, hospitaal en ouetehuis



Petrus Mere - Botswana

Bediening by 'n skool in Dikhukhun, Botswana



Sarah Innes

Jesus Week & Wild Ones Conference

In the second week of September, we hosted our very first Wild Ones Conference alongside a Jesus Week, where we went to visit 11 different schools throughout the week to reach them, tell them about Jesus, and invite them to the conference. Many students gave their lives to Jesus as we shared about Him, and they also got to hear many testimonies and messages to activate them.

During the conference, 50+ students came to learn, grow, have fun, and meet with God. 8 Students gave their lives to Jesus, and many of them



experienced the presence of God coming and meeting them.

First University Camp in the Western Cape

We had our first camp in the Western Cape with the universities there and the societies we have built there. We have always only hosted our university camps in Potchefstroom, but as we have grown our presence in the Western Cape, we have hosted one there simultaneously with one in Potchefstroom.




The HopeLine


I have started a new internship with an organisation called The Hopeline. It is basically a Christian-based online helpline where people across the world can start a conversation with you to talk through crisis, trauma, and brokenness, and to reach out for help. It's 10 hours a week of talking online and using this platform to tell people about Jesus and pray for them.

September Specials

- I helped set up a station to invite our interns to be part of our ministry and talk to them about what we do so that we can continue building a team to reach South Africa.
- I also have the privilege to be one of the graders for our 3-month Bible school they are holding.



- We continue to dive into prayer and worship in the mornings, being met by God and His presence.
- I am part of helping lead a small group of people in our "House Church" as part of us planting our new Church, Missio.
- I stayed in the Western Cape over the long weekend to visit my sister and cousin and take some time off.
- We held a Brave Love women's gathering at Pretoria University, where 60+ women gathered to worship, and meet Jesus.



Broers en susters, bid asseblief vir ons! Vra dat die Here se krag ons sal dra wanneer ons die goeie nuus bekend moet maak. Dan sal die Evangelie soos 'n veldbrand deur die wêreld versprei. Bid asseblief dat God oral geëer sal word waar ons preek, presies soos wat daar by julle gebeur het.
(2 Tess 3:1 DB)